GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
Website address: www.stangerchristiancentre.co.za

'N Loflied Betaam die Opregtes
Psalm 33:1

Hierdie saak sny egter dieper as wat dit op die oppervlakte lyk. In afrikaans gebruik ons die woordjie bedien heel dikwels, en die mening daarvan is om iemand te help of te voorsien. So weet ons dat ons in 'n restourant bedien word deur die kelner: hy help ons om die kos te kry, hy voorsien ons van die kos. In die Christen samestelling praat ons ook van bedien. (Engels: to minister). In die liggaam van Christus het elkeen 'n bediening. Die een het 'n bediening van lering, m.a.w. hy help die ander om die woord te verstaan. Die ander het 'n bediening van musiek, m.a.w. hy help ander om die Here te prys om in oorwinning te lewe d.m.v. die musiek wat hy aanbied. 'n Ander persoon het 'n bediening van versorging, m.a.w. hy help altyd die oues van dae, die siekes, die swakkes. Daardie persoon hou daarvan om daardie spesifieke diens te lewer aan sy mede-Christene, en God het hom spesiaal daarvoor toegerus.

Iemand anders het dalk die bediening van bemoediging, met ander woorde, hy het vir elkeen altyd 'n aanmoedigende woordjie en hy bid saam met hulle en wys hulle op God se goedheid. Sodoende help hy hulle om blymoedig voort te gaan. So bedien die lede van die liggaam van Jesus mekaar, en seën mekaar.

Weet jy dat die Here ons gemaak het om HOM TE BEDIEN? Ja, dis moontlik en Hy verlang dit. Nou praat ek nie van jou liefde vir die Here, jou tyd vir die Here, jou finansies vir die Here nie. Daardie dinge gee die Here ons 'n opdrag om aan hom te gee – Hy verwag dit van ons. Maar wanneer ons die Here wil bedien, dan doen ons dit met ons lofprysing en ons aanbidding.

Die Here het Sy kinders gemaak om konings en priesters te wees vir Hom (1 Pet. 2:5 en 9). Kom ons lees vers 9: **Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot Sy wonderbare lig.**

As priesters van God, bring ons nie meer die bloedige offerandes van die Ou Testament nie, maar ons bring geestelike offerandes van die nuwe (1 Pet. 2:5). Hierdie geestelike offerande sluit o.a. in 'n lof-offer.

Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God 'n offer van lof bring, die lof wat aan Hom gebring word deur die lippe wat Sy Naam bely. (Heb. 13:15)

LOF is die OFFER wat jy aan God moet bring (Ps. 51:14). Die mens wat My eer, is die een wat LOF as 'n OFFER bring. (Ps. 51:2 en 3).

Daar is 'n verskil tussen lofprysing (loof) en aanbidding. Ons loof die Here vir wat Hy vir ons gedoen het, maar aanbidding gaan om Sy persoon, wie Hy is.

Die woordjie prys (lofprysing) kom van baie woorde met hulle wortels in die Hebreeus en Grieks.Ek noem 'n paar vir interessantheidshalwe:

Wanneer jy God prys, seën jy Hom, en jy praat goed van Hom. Soms bring jy danksegging tot Hom, of 'n psalm of 'n gesang waarin jy Sy Grootheid besing. So lees ons dat die psalmdigter alles wat asem het beveel om die Here te prys (Ps. 150:6)

Kinders van die Here bedien Hom dus met lof en aanbidding, en ons het ALMAL hierdie bediening! Soos ons Hom op hierdie wyse bedien **gaan ons Sy poorte in met lof, Sy voorhowe met lofgesang. Want die Here is goed; Sy goedentierentheid is tot in ewigheid, en sy trou van geslag tot geslag.** (Ps. 100:4 en 5).

Ons het gesê dat die basiese verskil tussen lof en aanbidding is dat lof gaan om wat die Here vir ons gedoen het, en aanbidding gaan om wie Hy is. Om te loof (Engels: praise) is om goed te praat van iemand; om waardering uit te spreek, om te komplimenteer; om te verhef. Om te aanbid (Engels: worship) is om respekvolle agting

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - 'n Loflied betaam die Opregtes ….)
uit te spreek; om laag te buig voor die voorwerp van aanbidding. Aanbidding is die hoogste vorm van loof. 'n Mens loof gewoonlik die Here en beweeg dan in aanbidding in. Aanbidding is heel eerste 'n gesindheid van die hart. Dis die respekvolle betrokkenheid van die menslike hart met Sy Skepper. Dis 'n diepe oordenking en besinning oor die grootheid en waardigheid van God. Tweedens is aanbidding 'n oorvloei van daardie gedagte en emosies – hulle vloei spontaan uit. Geen opswepery behoort nodig te wees nie. Ons beker behoort soos Dawid sin, net oor te loop. Derdens is dit die uitstorting van die siel in die vorm van diepe uitdrukkings van respek, verwondering en liefde. Dis moontlik om ander mense lief te hê en te prys soos ons dit vir God doen. Maar ons kan nie 'n ander mens aanbid nie. Ons kan slegs God aanbid. Waarom is dit so? Omdat slegs God waardig is.

Here, ons God, U is waardig om die heerlikheid, en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur U wil het alles ontstaan en is dit geskep. (Open. 4:11)

Let op dat hier staan dat God ontvang, met ander woorde, Hy kan ook bedien word, ons kan Hom ook seën met ons lofprysing en aanbidding. Wanneer 'n mens die Here geloof het, en jy beweeg dan in aanbidding in, is daar soms net die verlange in jou hart om in Sy teenwoordigheid te verkeer, op Hom te wag, en Sy heerlikheid in te drink. Dis ook heeltemal skriftuurlik en ons behoort dikwels op die Here te wag, **maar diè wat op die Here wag, kry nuwe krag: hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie; hulle wandel en word nie mat nie. (Jes. 40:31).**

Dis wanneer ons op die Here wag dat ons swakheid vervang word deur God se krag. Hy gee ons weer krag. Die psalmis het geweet van "wag op die Here": **Wees maar net stil tot God, my siel, want van Hom is my verwagting.** (Ps. 62:5)

Ek wag op die Here; my siel wag, en ek hoop op Sy Woord. My siel wag op die Here; my siel wag, en ek hoop op Sy Woord. (Ps. 130:5 en 6).

Jy moet daarom leer om die Here te bedien met lof, aanbidding en gemeenskap met Hom. Dit is soos jy Hom prys en Hom dank vir Sy goedheid aan jou bewys, dat jy maklik kan oorgaan in aanbidding – Hom net aanbid vir wie Hy is. Soos jy Hom aanbid maak jy die deur oop vir Sy teenwoordigheid – reg by die troon van God Almagtig. Sy teenwoordigheid is voelbaar en jy hou gemeenskap met Hom. Heerlik en soet.

Dan word God se hart geroer. Hy stort sy seëninge op jou uit, ook Sy teenwoordigheid, openbaring en hemelse goedheid word in jou gees uitgestort soos jy op Hom wag, soos jy stil is voor Hom. Dis net so eenvoudig, maar tog so groot!

Hierdie lof en aanbidding en gemeenskap met die Here is vir jou in jou binnekamer, maar beslis ook vir die groep gelowiges. Daar waar die Liggaam van Jesus bymekaar kom, daar verlang die Here ook om op hierdie wyse bedien te word. Dan bedien Hy ons met 'n tale-boodskap, 'n profesie, 'n woord van kennis of wysheid deur die werking van Sy Heilige Gees deur Sy kinders.

Heb. 10:19: **Broers, ons het dus nou, deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei.** Besef jy wat hierdie teks impliseer? Ons kan nou gaan tot in die heiligdom, die Allerheiligste, elkeen van ons wat gewas is deur die Bloed van Jesus. Dis nie meer net vir die Hoëpriester, eenkeer 'n jaar soos in die Ou Testamentiese dae nie! Dis vir jou, vir my, enige tyd – hoe meer dikwels, hoe beter!

Watter beter wyse is daar om dit te doen as om met lofprysing en aanbidding die heiligdom te betree? Het jy geweet dat die blydskap in die Here jou beskutting is? (Nem. 8:11) Die engelse vertaling lui: **THE JOY OF THE LORD IS OUR STRENGTH.** Jesus was vasbeslote dat sy dissipels (gelowiges, wat ons insluit) ook hierdie blydskap moes hê, want daar sonder is 'n gelowige swak.

Maar nou kom Ek na U toe. (Jesus bid tot Sy Vader – Joh. 17:13) **En Ek sê dit terwyl Ek nog in die wêreld is, sodat hulle My blydskap in al Sy volheid in hulle kan hê** (lees ook vers 20). Was hierdie blydskap afhanklik van die dissipels se uiterlike omstandighede? Nee! Hulle omstandighede was bra haglik met hulle leier wat enige oomblik gevange geneem kon word en miskien nog hulle ook! Gelukkige omstandighede? Beslis nie, maar hulle blydskap was in Christus wat oorwinnend is. Dis ook jou en my erfenis! Hierdie blydskap is nie afhanklik van ons fisiese omstandighede nie, maar dit is afhanklik van Jesus , en Hy is 'n konstante, ewige Oorwinnaar!

As daar 'n terneergedruktheid in jou binneste begin posvat en jy voel op 'n laagtepunt, begin om hardop die Here te loof, en watter beter manier is daar as om hardop te sing. Ons het vroeër gepraat oor Ps. 33. Daar staan in vers 1 – 3: **'n Loflied betaam die opregtes. Psalmsing tot sy eer. SING TOT SY EER!** Jy sal agterkom hoe al daardie twyfel en terneergedruktheid padgee as jy hierdie raad volg. Paulus en Silas het dit in die tronk gedoen en wonderwerke was die gevolg!

Jy sien geliefde, JY KIES om te sing – dit het niks met jou gevoelens te doen nie! Dit het niks te doen met jou omstandighede nie. Geluk en gelukkigheid (happiness) is afhanklik van jou omstandighede, maar blydskap is 'n innerlike kwaliteit, 'n vrug van die Heilige Gees (Gal. 5:22), 'n produk van Christus in jou, ons hoop op Heerlikheid! GELUK is afhanklik van vryheid van spanning en probleme en die ontwyking van onaangename omstandighede en persone. BLYDSKAP is die wete en vertroue wat ons **het omdat Hy wat in ons is, groter is as hy** (die duiwel) **wat in die wêreld is.** (Joh. 4:4).

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - n Loflied betaam die Opregtes ….)
Blydskap kyk nie na die uiterlike probleme nie, maar na die innerlike moontlikhede.

Maar BLYDSKAP is wel afhanklik van jou gehoorsaamheid aan 'n Bybelse beginsel: KIES om Hom te prys, en 'n gebroke gees word opgehef! Onthou, ons het gelees: **'n Loflied BETAAM die opregtes** (Ps. 33:1) – laat BLYDSKAP VAN DIE HERE jou kenmerk wees!

Dis sekerlik gepas om hier die verhaal van koning Josafat aan te haal en kyk watter uiters belangrike les leer ons hieruit.

In 2 Kron. 20 tref ons koning Josafat aan besig om te bid want dit het gelyk of Jerusalem vernietig gaan word. Die vyand van die Ooste het Juda se grense oorgesteek en hulle was in opmars na die Heilige stad toe.

Josafat het 'n tydperk van vas en gebed uitgeroep, en die Gees van God het begin spreek. Die volgende oggend het die koning vir sy volk gesê: "Ons gaan vandag uit om die vyand te ontmoet" en almal het hulle voorberei. Die soldate het hulle wapenrusting begin aantrek en hulle pyle en boë en skilde en spiese bymekaar gemaak. Die strydwaens is in gereedheid gebring. Maar toe almal bymekaar was en reg om op te trek, sê koning Josafat: **Die Here het vir my instruksies gegee. Waar is die koor?** Kan jy jou voorstel hulle reaksie! 'n Koning gaan uittrek na die geveg – hy kry almal op 'n gereedheidsvlak, keer hom na een van die generaals en vra: **Waar is die koor?** Die soldate het seker na mekaar gekyk en gedink: Wat op aarde gaan nou met ons koning aan? Maar Josafat sê: **Die Here het my beveel om al die sangers voor te plaas. Hy het gesê die sangers moet vooruit gaan en 'n lofsang aanhef wat lui: Loof die Here want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid!**

Wel, hulle het die sangers voorop gestel en al singende begin voort beweeg: **Loof die Here want sy goedertierenheid is tot in ewigheid!** Lees Psalm 136: 18-26. In die vyand se kamp het daar nou verwarring ontstaan en hulle het ondermekaar begin stry en baklei, want hulle het gehoor hoe die kinders van Israel nader kom, al singende die lof van hulle God. Hierdie soldate en koor van Israel was dalk nie eers so baie in getalle nie, maar God het hulle laat klink soos duisende, en die vyand het ondermekaar geveg en mekaar vernietig!

Die kinders van Israel het die vyand se kamp binne gestap terwyl hulle lofliedere sing tot hulle Here en dit het hulle drie dae geneem om al die buit te vergader wat God aan hulle gegee het. Nie eers een Israeliet het 'n spies gegooi of 'n pyl geskiet nie! Hulle het GELOOF IN HULLE GOD GEHAD EN HOM GEPRYS! Enige tyd, onder enige omstandighede, wanneer jy God loof en prys BIND JY SATAN EN SY DEMONE MET YSTERBOEIE EN KETTINGS. (Lees Ps. 149: 5, 6 en 8 ook in die Engelse Bybel).

Begin sommer hardop koortjies te sing en jy sal agterkom hoe terneergedruktheid en spanning en twyfel wyk, en God sal jou lied eer met Sy teenwoordigheid en oorwinning! ☐

Let everything that breathes - Praise the Lord
Psalm 150:6

So often Christians who really love the Lord and are well aware of the fact that the Bilble exhorts us, as God's children to continually praise Him, do not give this aspect of our spiritual walk the attention it deserves. Some say: "I am too shy to express my emotions" or " the Lord knows how I feel without me having to go overboard about it". However, there are many things that God requires of us because He knows how much our life will be blessed when we are obedient to His instructions, as they are there for our benefit. For instance, take water baptism: In Mark 16:16 we read: **He that believeth and is baptised shall be saved.** Jesus does not say anything about your feelings regarding baptism, or the opinion of your denomination, it is a command, and He requires our obedience to it, because He knows that once you have been baptised (after having believed), the power of sin is broken over your life, and as you emerge from the water of baptism as a new man, your old man is dead and buried. The same applies to praise and worship. The Bible says in Psalm 150:6: **Let everything that hath breath praise the Lord.** You have breath, therefore this command is for all of us who love the Lord. Jesus said in Luke 19:40, speaking of praising God**: ... I tell you that if these should hold their peace, the stones would immediately cry out.** So then let us consider a few things that could hinder us from praising the Lord and worshipping Him in spirit and in truth, as He requires of us.

1 SIN: Sin binds us, especially when we come into the presence of the Lord. You feel uncomfortable because you know that God knows the things in your life that shouldn't be there. David, whom God said was a man after His own heart, understood this problem well. He excelled in praising and worshipping the Lord – he in fact wrote most of the Psalms, and we know how he rejoiced and danced before the Lord with sheer joy and gratitude, when the ark of the covenant was brought back to Israel. However, David also fell into sin, and cried out: **If I regard iniquity in my heart, the Lord will not hear me. (Ps. 66:18**). In Isaiah 59:2 we read that iniquities cause a separation, a barrier between ourselves and God. But praise the Lord that He has made a way to restore our relationship with Him and to feel free to bring Him the praise and worship which He desires of us. We must confess our sins and repent of them. **If we confess our sins, He is faithful and just to forgive us our sins, and to cleanse us from all unrighteousness. (1 John. 1:9)**

David links repentance of sin to joy in the Lord. **Hide Thy face from my sins, and blot out all mind iniquities. Create in me a clean heart, O God, and renew a right spirit within me. (Ps. 51:8 and 10)**

David knew that once his sins were forgiven he could come once again before the Lord with praise and worship and rejoicing. As long as there was sin in his life, he could not praise the Lord.

2. CONDEMNATION: Once you have repented of your sins with a sincere heart, the Lord completely forgives you of them all. He says in Heb. 8:12 that He will forget your iniquities, and because He forgives, who are we to hold ourselves still guilty of them? Yet many Christians stay bound in this trap of the enemy because he is the accuser of the brethren and wants you to think that you are still condemned by God. (Rev. 12:10) Consequently you, still experiencing condemnation, feel unworthy to receive God's grace and love. If we are introspective, we often develop a false sense of humility, and become negative. We need to be more Jesus conscious than self conscious, because Satan uses this as a snare, so that you cannot minister to the Lord with liberty in praise and worship. The solution is:

Submit yourselves therefore to God. Resist the devil, and he will flee from you. (**James 4:7)**

Looking unto Jesus the Author and Finisher of your faith. (Heb. 2:12)

3. TRADITION: Thus have ye made the commandment of God of none effect by your tradition (Matt. 15:6) Those of you who receive our newsletter on a regular basis know how strongly we take a stand against man made doctrine and tradition, instead of being Word based. Tradition has its root in pride, and pride is a sin! It was due to the sin of pride that Satan was thrown out of heaven!

Tradition says: "My great grandfather worshipped God in this fashion; so did my grandfather and my father, so it is good enough for me too". This is simply a case of pride resisting change .Truth is always Bible based.

Tradition teaches us that we come to the church building to meet with God because He lives there! So we must put on our best clothes, change our voices to hushed tones, and take on a completely different personality because, after all, we are visiting God! But the moment we leave the church building, we can revert back to our old selves! The Word says that the Lord does not live in buildings made by human hands – He dwells within us, we are His Church, His Body. (Acts 7:48) He is omnipresent, and sees exactly how impatient you were with your wife before you came to church. He knows about your late night drinking parties, and how you take delight in slandering your mother-in-law. He knows how you provoke your children to rebellion, instead of encouraging them. The Psalmist says in **Psalm 139:7: Whither shall I go from thy spirit? Or whither shall I flee from thy presence.** Also read verses 8 to 12. Tradition teaches that it is reverent to be formal and un-emotional when we gather together on a Sunday, because God is holy and you please Him by acting as if you are at a funeral. How would you feel if your children acted in this way in your presence? We are God's children after all.

Just read the last five Psalms in the book of Psalms. and find out how God wants to be praised and worshipped by His people. These Psalms speak of joyful singing, jumping, dancing and the playing of musical instruments.

4. WORLDLINESS: By worldliness, materialism and carnal (fleshly) desires, I mean anything that

(Continued on page 5)

(Continued from page 4 - Let everything that breathes….)
take away from your love for Jesus - it is the opposite of spirituality. The love of this world and the deceitfulness of riches, will definitely hinder true worship. Jesus said: **For where your treasure is, there will your heart be also. (Mat t.6:21)** Worldly people find it very embarrassing to praise and worship King Jesus – they lose their sense of dignity if they are required to clap their hands or to jump and shout to the glory of Jesus, Creator and Saviour of all. They forget about their dignity when it comes to a rugby match where they praise and honour men, but when it comes to praising Jesus Christ, they prefer not to get emotional about Him!

"What will the people think of me if I should act that way?" is often the thought that prevents them from honouring and worshipping the Lord in the way He desires. A Christian's heart motive should always be: "how can I please the Lord" Then inhibitions and fear of man will fade away.

For they loved the praise of men more than the praise of God (John 12:43)

The fear of man bringeth a snare … (Prov. 9:10)

Pleasing God must be the number one priority in our lives, and we know one of the best ways to please Him is to praise and worship Him. We should never allow the opinions of other people to dampen our praises to our wonderful Heavenly Father and the Lord Jesus.

5. SATANIC OPPRESSION: Originally Satan was the Arch Angel whom God created to continuously praise and worship Him before His throne: he was appointed to do this. Then Satan decided that he wanted all this honour and glory for himself, and God expelled him from heaven, with one third of the heavenly host who rebelled with him. This sheds light on why he has such an intense hate for us, because through the death of Jesus on the cross, we, God's children have entrance to God's very presence by the Blood of the Lamb, to praise and worship Him. Satan has been excluded forever – he forfeited his place through rebellion. That is why he tries his best to discourage people from praising the Lord. Jesus had fasted 40 days in the wilderness: **And the devil said unto him, All this power will I give thee, and the glory of them: for that is delivered unto me; and to whomsoever I will I give it. If thou therefore wilt worship me, all shall be thine. And Jesus answered and said unto him, Get thee behind me, Satan: for it is written, Thou shalt worship the Lord thy God, and him only shalt thou serve. (Luke 4:6-8)** Satan longs to be worshipped.

When a person is demonised , he cannot even say the Name of Jesus. The demons become extremely angry and disturbed when they hear the Name of Jesus mentioned. **Wherefore I give you to understand that no man speaking by the Spirit of God calleth Jesus accursed: and that no man can say that Jesus is the Lord, but by the Holy Ghost. (1 Cor. 12:3)** We read in **James 2:19: Thou believest that there is one God; thou doest well: the devils also believe, and tremble.**

However, do not be alarmed because a born-again Child of God filled with His Spirit and His Word, can never be demon possessed, but Satan will try and attack him with sickness and poverty, depression or fear according to John 10:10, and he does, just start praising the Lord! Praise Him out loud! Sing, clap your hands, lift them up, dance before the Lord. Give honour and praises to the King, and Satan will be quick to retreat!

If you are battling with negative, depressing thoughts, or any other attacks of the enemy, play praise music and choruses in your home, your car or where ever you can. Satan does not stay around where God is exalted! Finally, would like to establish why and how we must praise the Lord according to Scripture.

Why we must praise the Lord? We must praise Him because He is God.

Praise ye the Lord, O my soul (Ps. 146:1)

He is the Highest Authority. He is the King of kings and the Lord of lords. He is greater than all things.

Great is the Lord, and greatly to be praised (Ps. 48:1)

We must praise Him because He instructed us to do so:

Praise ye the Lord (Ps. 148:1) This is not a request, but a command!

We must praise God because it glorifies Him.

Whoso offereth praises glorifieth me … (Ps. 50:23)

To praise Him must be a burning desire in the heart of each of His Children. We must praise Him because He is worthy of our praises.

I will call upon the Lord, who is worthy to be praises…. (Ps. 18:3)

We must praise God for all His goodness.

Bless the Lord, o my soul, and forget not all His benefits…. (Ps. 103:2)

We must praise Him because it is comely for the upright.

Rejoice in the Lord, o ye righteous; for praise is comely for the upright (Ps. 33:1)

We must praise the Lord because He inhabits the praises of His children.

But thou art holy o thou that inhabits the praises of Israel (Ps. 22:3)

Praises to God gives strength. David said: **Blessed are they that dwell in thy house: they will be still praising thee. Blessed is the man whose strength is in thee… they go from strength to strength (Ps. 84:4, 5 and 7)**

The Lord is the Strength of the one who praises Him. He also learns to walk in the joy of the Lord **because the joy of the Lord is his strength. (Neh. 8:11)**

When we continuously praise and worship the Lord, we delight ourself in the Lord, and He gives us the desire of our heart, (Ps. 37:4) Sometimes people say: "If only the Lord would give me the desires of my heart, I will praise Him." It doesn't work that way. The Bible principle is: FIRST praise, THEN receive, (Faith also works that way: FIRST believe, THEN see).

The heart that praises and worships the Lord will have desires in accordance with His Will, and then He will grant those desires. His Word is His will and He cannot violate His Word by doing anything outside of His Word. (1 John 5:14)

How does the Lord want us to praise Him according to the Scriptures? Keep in mind that any praise and worship is only valid and acceptable to God if it comes from a heart overflowing with love to the glory of God. In other words, just by going through the motions, such as merely mimicking other people, is not acceptable praise and worship. The most important factor is the attitude of your heart. If you do not have a praising heart towards the Lord there is a problem in

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - Let everything that breathes….)
your life. Ask the Lord to show you what it is, and then be obedient to what He tells you. Tell the Lord that you desire to be a worshipper. You may want to ask somebody to pray with you. Do you know God as your Heavenly Father? Is Jesus your Lord?

Perhaps you are someone who has been become accustomed a traditional church where you have not been allowed to do more than sing, but in the past few months praises to the King of Kings have been building up inside you until you want to burst out in song. Praise the Lord for that! Make a study of the different ways of how to praise the Lord, and then be obedient to the Word and the leading of the Holy Spirit in your heart. Shout to the glory of the Lord!

SING praises to the Lord and jump for joy, dance before Him. If you sing in the shower: start SINGING praises to Him. When you drive along in your car: SING and bring a praise-offering to the King. If you are open to the leading of the Holy Spirit, He will direct you in your praise and worship of the Lord. You will experience a glorious liberty, and your love for the Lord will reach a whole new dimension. Your obedience will produce within you, a new found joy that wells up inside of you, as you become aware of His presence as never before! Praise the Lord, all the people of the Lord! ☐

Spesiale Woord van Dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

BOEKE EN CD'S

Skakel ons of skryf aan ons vir 'n lys van ons boeke en CD's.

Hoe om te bestel:

1. Dui asseblief die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkie langs die titel
2. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks of pos die deposito trokie saam met die lys van u bestelling

Bank besondehede:
Eerste Nasionale Bank
Rek No: 53730091667
Takkode: 220129
Faks no: (032) 5525411

OF, stuur 'n gekruiste tjek of poswissel aan ons. As u nie u bestelling binne 4 of 5 weke ontvang nie, dan moet u ons asseblief laat weet.

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.



uit **Dr James** se kantoor

Geliefdes in Jesus,

Psl. 100: Juig voor die Here, o ganse aarde! Dien die Here met blydskap: kom voor Sy aangesig met gejubel. Erken dat die Here God is, Hy het ons gemaak, en ons is Syne. Sy volk en die skape van Sy weide. Gaan Sy poorte in met lof, Sy voorhowe met lofsang; loof Hom, prys Sy Naam.

Hierdie is 'n entoesiastiese oproep tot lofprysinge aan die Here. Ons moet juig, Hom dien en vereer met blydskap, voor Sy aangesig kom met gejubel. Ons moet erken dat Hy God is en dat ons Syne is. Ons moet Sy poorte ingaan met lof, Sy voorhowe met lofsang, Hom loof en Sy Naam prys. Waarom dan al hierdie dinge? Vers 5 bevat die antwoord: **Want die Here is goed: Sy goedertierendheid is tot in ewigheid, en Sy trou van geslag tot geslag.** Geen menslike verstand sal ooit die omvang van Sy goedheid volkome kan peil of begryp nie, maar dink gerus net aan jou eie lewe, jy sal sekerlik kan getuig van baie seën, van Sy goedheid, goedertierenheid en Sy trou al oor die jare. Hoeveel kere was daar nie op my eie lewenspad net een ry spore, dit was God se Spore toe Hy my gedra het! Daarom Geliefde, as jy vandag gebuk gaan onder terneergedruktheid bekommernis, begin jou en seëninge tel. Begin net die Here loof en prys. Loof en prys die Here in alles (nie vir die probleem nie) maar nieteenstaande die probleme. Moenie wag tot jy daarna voel nie – doen dit, al voel jy hoe ellendig. Jy sal vind hoe die wolk wat oor jou hang oplig en 'n rustigheid jou gemoed vul. Onthou altyd die volgende twee belangrike aspekte i.v.m. lofprysinge aan die Here:

1. Satan kan nie funksioneer waar die Here geloof en geprys word nie, want lofprysinge bind die duiwel en sy demone (Ps. 149).

2. God maak Sy Woning daar waar Hy geloof en geprys word (Ps. 122) M.a.w. wanneer jy Hom eer en verhef is Hy by jou! 'n Afleiding wat ek dan volgens voorafgemelde wil maak, is dat klagtes en murmureringe, Satan en sy demone vrystel, en God laat wegbly! Dit is dus die beste en honderdmaal die moeite werd om 'n loflied op jou lippe te hê.

Dit is ook deel van ons voorbereiding as Sy Bruid want Jesus se koms is naby en ons moet daarvoor gereed wees. As gelowiges, is dit belangrik dat ons nie slaap nie!! Lees ons boek "Is Jy Gereed?"

As mediese dokter wil ek vir julle hierdie voorskrif vir geestelike fiksheid gee!

'N GESONDE APTYT vir die persoonlike omgang met die Here en die lees van Sy Woord. Dit verseker 'n sterk bloedstroom en 'n gesonde bloedsomloop met goeie gelaatskleur.

DAAGLIKSE OEFENING "om altyd voor God en voor die mense 'n skoon gewete te hê." Oefening moet verkieslik in die oop ruimte van die hemel se sonskyn geskied sodat 'n mens regop voor die troon kan staan, skouer aan skouer met jou medemens.

'N RUSTIGE HART wat reëlmatig klop in ooreenstemming met die hart van God. Dit skakel die hoë bloeddruk van geestelike trots uit en ook die lae bloeddruk van neerslagtigheid.

'N SKOON TONG sonder hardheid, bitterheid, 'n geskinder, veroordelende kritiek, lawe praatjies of bedrog. Die woorde van so 'n tong is "soos 'n fontein met heerlike vars water". (Spr. 18:4)

GESONDE OË om dinge in die regte perspektief te sien sodat die reuse in werklikheid nie so groot is nie, en die sprinkane, wat in vergelyking met hulle so klein gelyk het, tog die land in besit kan neem wat die Here aan hulle beloof het.

'N GOEIE GEHOOR, dit is ore wat gereed is om God se woorde op te vang in 'n tyd van afvalligheid, soos Esegiël wat gehoor het hoe die Here sê: Sal hierdie bene ooit weer kan lewe?… Ek, die Here wat die seggenskap het, sê nou vir julle. Ek sal gees en lewe in julle bring." Dit beteken ook om te hoor wanneer die Here jou eie vooroordele uitwys, soos in die geval van Petrus voordat hy na Kornelius se huis gegaan het. Dit beteken om soos Paulus op sy reise te luister na die Here se aanduidings oor waarheen om te gaan.

HANDE MET 'N GOEIE GREEP wat die ploeg vashou sonder om weer agtertoe te kyk. Maar dit is ook hande wat soos die van die Meester met teerheid mense kan optel wat geval het en die wat gewond is, kan verbind.

GEWILLIGE VOETE wat in die paaie van de Here se gebooie sal beweeg, en nie ronddrentel op die paadjies van luiheid en uitstel nie, en nooit omdraai na die vleispotte van Egipte nie.

KNIEË WAT MAKLIK BUIG om die gevegsposisie van volhardende gebed in te neem wanneer die vyand dreigend nader kom. Dit is ook knieë wat gebuig sal bly totdat mense na die Here toe kom en totdat Hy Sy seën laat reën waar daar geestelike droogte is. Ons bid vir julle.

Baie, baie dankie aan julle almal wat ons die afgelope maand weereens ondersteun het met soveel liefde en gebede, dit gaan baie goed met ons almal by die sentrum, die Here is getrou, en ons loof Hom vir julle en vir Sy goedheid!

Mag die Here julle almal ryklik seën.

Baie liefde groete

Dr James



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Op Dinsdag die 2de Augustus het my Ouma Marthie van der merwe u geskakel en gevra dat u vir my moet bid. My naam is Rika Mari van Wyk. Ek is 14 jaar oud. Twee maande gelede, terwyl ek gehardloop het, het ek in my bene verlam geraak. Na intensiewe toetse in die hospitaal kon die spesialiste niks fouts kry nie. Ek is na 'n rehabilitasie sentrum gestuur waar ek 'n maand gebly het. Nadat u vir my gebid het op Woensdag oggend, het ek daardie middag weer begin loop. Ek was baie opgewonde. Ek het nie geweet of ek ooit weer sou loop nie, nadat u vir my gebid het en ek weer begin loop het, was ek baie dankbaar dat die Here so goed vir 'n mens is. Baie dankie vir u gebed, maar dankie aan die Here wat dit gehoor het. Die Here is Amazing. Loof die Here!!

Mej R van Wyk, Krugersdorp

Geagte Dr James en span,

Ons dank die Here vir u gebede vir Manie. Die prostaat kanker toetse op die 10/08/2011 wys dat hy skoon is, daar is geen kanker. Alle eer aan Koning Jesus!!

Mnr en Mev M Blom, Kroonstad

Having received your letter dated 11 August 2011, I immediately felt the Lord's presence in my midst. I had blown up blisters, which in my case were disasterous, they become holes and infectious. I didn't want to loose another foot, as this would leave me in a wheel chair and devastated. Two days after my birthday, to my amazement, my wife looked at my foot and said: "the two blisters have dried up!!". On Monday the 22 August, I went to the Steve Biko hospital, and the skin peeled off like a snake shedding skin. There wasn't even a mark or an ulcer evident. The doctor was stunned as to what she had seen, a miracle. I then explained to her about your team and yourself whom had prayed for me. She took photos of my foot to show to the Professor of medicine. This is an incredible healing from our Heavenly Father. May our dear Lord bless you and your team. Thank you so much.

Mr D Masson, Ellofsdal

U laaste skrywe aan my was die 3 Desember 2010 na 'n biopsie het die kankerafdeling by Groote Schuur aanbeveel dat ek 'n eenmatige hormoonbehandeling moes kry omdat die kanker van die prostaat reeds ver versprei het. Dit is op Hermanus gedoen en ek het aan u geskryf om te sê dat ek nog steeds die leeuns van die ou vyand nie glo nie, maar in geloof vas staan by die beloftes van Jesus Christus. Daarna is 'n operasie gedoen om die urienevloei vergemaklik. Die uitslag van die bloedtoets wat ek voorafself laat doen het, het ek aan die spesialis gewys. Hy het gesê dat dit onmoontlik is. Die telling kan nie laer wees nie. Op 18 Julie 2011 was ek vir 'n opvolg ondersoek by dieselfde spesialis. Die bloed en weefselmonsters wat hy self laat toets het, het getoon dat daar nou absoluut geen spoor van kanker teenwoordig is nie. Hy sê nou nie meer dat dit onmoontlike is nie. Hy skud net sy kop. U laaste teks aan my was Matt. 19:26. Ek dank ons Vader vir die Woord waarop ons kan vertrou. Dankie ook vir u gebede en dat u ook vir my deur Jesus leer bid het tot die Vader. Ek gaan nou blymoedig voort in geloof en oorwinning van al die struikelblokke wat die duiwel moontlik in my pad kan plaas.

Mnr A van Niekerk, Gansbaai

Eerstens wil ek God dank vir die voorreg om hierdie brief te kan skryf. Dit is net genade van bo. Ek het in die begin van die jaar voorbidding gevra vir my dogter wat 31 jaar is en sukkel om swanger te word. Nou het my God op wie ek vertrou geantwoord sy is nou twee en half maande swanger. Prys my God. Gister, vandag en tot in ewigheid dielsefde. Baie dankie

Mev S Saptog, Pacaltsdorp

Wees gegroet in die Naam van Jesus. Ons dien 'n Lewende God wat ons gebede verhoor, prys Sy lieflike Naam. My dogter en haar man het op skei gestaan en ons het ernstig en aanhoudend gebid. Jesus het gehoor en in Sy groot barmhartigheid hul harte verander. Haar man was twee weke by die huis en twee weke by die werk. Hy het werk gekry by dieselfde firma vir die volgende twee jaar in die stad waar hulle bly. Ons harte loop oor van dakbaarheid. Baie liefde vir julle gebede en baie dankie vir my maanddelike nuusbrief.

Mev H Osothuizen, Stilbaai

Ek wil net baie dankie sê vir elke maand se nuusbrief wat julle vir my stuur. Dit is ook vir my lekker om dit weer vir ander te gee om te lees. Ek het in Mei maand vir Meg gebed en voorbidding gevra vir my skoonsuster Gina en my buurman Thinus in Potchefstroom. Hulle altwee het 'n gewas op die brein gehad. Die operasies het wonderlik afgeloop, en kankertoetse is skoon. Al die eer en lof aan onse Hemelse Vader wat die groot genesings werk gedoen het, deur Jesus se wonde is hulle genees. Baie dankie!! Groete

Mev S Potgieter, Jacobsdal